<u>Skriflesing:</u> Romeine 3:19-31
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 5**
Teks: Romeine 3:23-24
Sing-(Samesang-) Ps.144:2,5- Ps.9:5,12; Ps.86:2,3; Ps.40:5

Broeder en suster, was u al in u lewe regtig benoud?! As kind of as grootmens kon dit gebeur dat jy in ’n swembad of in die see gevoel het, ek gaan dit nie maak nie. Iemand het dalk jou kop onder die water gedruk of ’n seestroom het jou gegryp, en al verder van die strand weggesleep dat jy met jou laaste stukkie krag besef het, teen hierdie see kan ek niks maak nie. Daardie geweldige benoudheid is moeilik om te beskryf. Dit is hierdie tipe benoudheid wat ons hier in Sondag 5 ons moet indink. Die besef van ons ellende, dit waaroor ons tot nou toe uit die Kategismus mee besig was, is om jouself in die see van ellende te bevind. Daar was heelwat vrae, baie gedagtes hoe kan ek daar uitkom? Kan ek self hierdie see uitswem?

Oor een ding is daar geen verskil nie, dit moet ons goed besef: Daar is geen mens op aarde wat nie in die see van ellende gebore en in die see van ellende moet lewe nie! Self kan ek nie daaruit nie. Dit is soos om in ’n pikdonker gevangenis gegooi te word en al wat oorbly is dat God my moet oordeel. Aan die einde van Sondag 4 is dit vir almal baie duidelik dat vanuit die regverdige oordeel van God moet ons almal gestraf word. Daar uit die diepte van die see van ellende, daar uit die donkerte van die gevangenis kom dan eintlik die benoude vraag soos in vraag 12- **Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?** Christus se vraag in Markus 8:37 is eintlik met ander woorde presies dieselfde vraag- *Wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel?*

Die woord *losprys* is belangrik. In Exodus 21-28-30 dan word dit gebruik waar iemand ’n gevaarlike bees aangehou het. *En as ’n bees ’n man of ’n vrou stoot, sodat hy sterwe moet die bees sekerlik gestenig word, en sy vleis mag nie geëet word nie, maar die baas van die bees sal ongestraf bly. Maar as die bees tevore al stoterig gewees het en sy baas gewaarsku was, maar dit nie opgepas het nie, en dit ’n man of ’n vrou doodmaak, moet die bees gestenig word en ook sy baas moet gedood word. As aan hom losgeld opgelê*

*word, moet hy vir die lossing van sy lewe alles gee wat hom opgelê word…*Vers 31 wys dan op hierdie reg waarvolgens gehandel moet word…

Die losgeld, die losprys, die lossing vir jou siel, dit waarvan Jesus praat- *wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?*- is baie ernstig in die sin- as 'n bees iemand doodgemaak het, dan kon daar op 'n manier nog betaal word, daar kan 'n tipe van 'n ooreenkoms bereik word, daar kan 'n skikking wees, maar as dit jou siel is waarvoor daar betaal moet word, wat kan jy as mens betaal om uit sulke nood verlos te word?

***

Uit Sondag 5 is dit 'n vraag na betaal…betaal, betaal! Daar moet betaal word, want is daar twee baie belangrike sake wat hierdie betaling vereis- God se geregtigheid en V/A 13 gaan om ons skuld. Geregtigheid en skuld moet voor betaal word. Geregtigheid is die eerste absolute ononderhandelbare voorvereiste- Aan God se geregtigheid moet voldoen word. Daar kan, daar mag nie eers daaroor geredeneer word nie! Die Here wat 100% aan sy Woord gebind is. God is die onveranderlike! God is 100% getrou aan sy verbond. Die Here sal in alles, ook in die nakoming van sy reg op geen manier, gestel net met 99% tevrede kan wees nie, want dan is Hyself daardie 1% aan sy eie Woord ontrou.

Dit sal die Here nooit wees nie. In alles is Hy volmaak, Hy sal in alles die volmaakte eis. 'n Halwe geregtigheid, 'n gedeeltelike geregtigheid sal nooit voor God deug nie. As dit nie volmaak is nie, dan is dit nie reg nie. God is en God werk nooit net gedeeltelik, half onvolmaak met 'n duistere uitsig dat dit dalk nog beter kan word nie. Hy wat IS wat HY IS. Dit gaan nie om ons wil nie, maar dit gaan om God se wil. Om die reg wat die Here van ons eis!

Paulus praat in Romeine 3 van *daar is geen onderskeid nie…*Almal, sonder uitsondering, moet besef daar moet na geregtigheid gesoek word, en die een kan dit nie op die manier wil doen en 'n ander weer op 'n ander manier nie. Op gelykerwys is ons almal tot dieselfde voorwaarde vir verlossing gebind.

Almal is sondaars en het niks by God om te roem nie. Paulus redeneer in Romeine 3 dit nog verder uit- *almal wat gesondig het…*en dit is tog ons almal- daarom *ontbreek ons ALMAL aan die heerlikheid van God.* Die lof van geregtigheid, hoe heerlik sou dit nie gewees het as ons wel kon aanbied om aan God se geregtigheid te voldoen nie. Voor God kan daar egter geen geregtigheid wees behalwe in die sin van volmaakte, volstrekte gehoorsaamheid nie. Ons hoor tog die Here deur Paulus dit vir ons duidelik uitgespel- *hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig…*

***

Met wat ons nou sopas gehoor het, is die Kategismus met albei sy hande nou smekend voor God, want kom ons agter, daar is ’n vlammetjie wat brand, daar is tog ’n moontlikheid om verlos te word. Die deure is nie heeltemal toe nie. Die profesie van Hosea moes eintlik hier in geheel gelees kon word. Die volk Israel word as ’n prostituut, ’n hoervrou voorgestel, wat agter ander mans aangehardloop het. Sy het haar van haar eintlike man, haar eerste Man, in Israel se geval van God afgeskei. Met Hosea sê die Here *ek gaan haar uitklee, Ek gaan my van haar afwend, Ek gaan haar stel soos op die dag van haar geboorte, en oor haar kinders gaan ek my nie ontferm nie, want hulle is in ontug gebore.* En dan probeer hierdie vrou agter haar klompe minnaars wat sy in haar hoerery gehad het aanhardloop, maar haar pad is toe. Tevergeefs roep sy om hulp, maar hulle kyk nou almal anderpad.

Dan probeer sy terugkom. Sy wil na heer eerste man gaan, omdat sy dit by hom beter gehad het. Na sy alles weer probeer, die hele weg van om weer sy liefde te wen, dan keer hy haar ook die rug toe. Soos sy nou ook probeer om haar eerste man se liefde te wen, so lag haar vroeëre minnaars haar nou ook uit! Egipte fluit vir haar, Assur wys sy vinger na haar, sy staan uitgeklee, onttooi, elke stuk versiering wat sy wou gebruik word stuk vir stuk weggeneem, sy staan letterlik soos met haar geboorte.

In die diepste van haar ellende, in die grootste vernedering, in alles is sy een wat verneder moet erken, ek is skuldig, en dan hoor sy God roep. Haar eertydse man wat eenkant gaan staan, en Hy praat met haar- Kom tot My, Bruid van my jeug…Hosea 2:13- is dit die Here wat sê: …*kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.*

Dan sal Ek haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal Agor tot 'n deur van hoop, en daar sal sy antwoorde gee soos in die dae van haar jeug… Vers 15 is dit asof die Here haar stem in Homself weergee want sê die Here- *En in die dag spreek die Here, sal jy My noem: my Man…en jy sal my nie meer noem: My Baal nie…* Die Here praat met haar die taal van liefde, van trou, van geregtigheid, reg en goedertierenheid…dit alles nadat sy in die woestyn ingelok is, want in die woestyn moet die son van geregtigheid haar eertydse hoerery haar uitbrand, haar skoon brand, en juis ook in die woestyn het die deur van terugkeer die skrefie oopgemaak…die deur is in die dal Agor vir haar gegee tot 'n deur van hoop.

Agor die versriklike plek, want het Agan daar van die goud en silwer in Jerigo gesteel toe God die stad met die banvloek getref het. Agan en sy hele huis is daaroor uitgewis, omdat Agan sy hand uitgesteek het na wat aan hom nie behoort nie. En na hierdie familie gestenig is, is daar 'n hoop klippe daar gepak, 'n groot hoop stene, want so staan dit in Josua dit moes 'n getuienis wees. Nou moet hierdie slegte vrou, hierdie arme ellendige vrou wat Hosea mee moes trou as uitbeelding van hoe God dit moes doen, sy in haar ongeregtigheid moet in die dal van ongeregtigheid, hierdie Agor gaan staan, haar gesig verrimpel, haar liggaam opgebruik….kyk na die sonde van die mens, en sy ellende, dit wat Sondag 1-4 jou gewys het. Hierdie vrou het in 'n sekere sin nog veel erger, veel verder van God weggedwaal as Agan. Jy wat die Here vergeet het, agter minnaars aangeloop het…

Jy wat so jou eie lewe sleg gemaak het, terwyl God vir jou 'n Man wou gewees het, dit is die sentrale boodskap van Hosea, maar weet u die dal Agor, al spreek dit van geweldige ellende, juis hierdie dal word vir hierdie vrou 'n deur van hoop (Hos.2:14). Al is jy in die dal Agor, al is jy naby hierdie klipstapel van Agan wat teen jou getuig, juis van hier kan Hosea haar optel, die Here wil haar nie in die dal los nie. Die Here wil haar optel, haar bring op die hoogtes, op die berg Sion, die tempelberg, die tempel wat deur mensehande vir God gebou is.

Dit bring ons by die bedoeling van Sondag 5. 'n Deur van hoop word vanuit die dieptes, skrefie vir skrefie verder en verder oopgemaak. Soos die vrou in die woestyn moes betaal, so seker staan dit in Sondag 5 dat daar betaal moet word.

***

Nou wat die Kategismus dit ook besef daar is 'n deur, maar hoe kan ek daar inkom? Kan ekself maar dit oopmaak, kan ekself betaal- vraag 13- **Kan ons deur onsself betaal?...** Kan my voorbeeldige lewe, my goeie bydraes, my nederigheid, my imbors, my karakter, kan ek nie daarmee begin om my skuld voor God te betaal nie? Die antwoord in ons belydenis is om die wind heeltemal uit ons suile te haal. Sou ek probeer om my skuld te betaal, dan kleef daar aan my voornemens, aan my dade en optrede, soveel sonde dat net in my poging om my skuld minder te maak, maak ek dit nog meer! In Lukas 17:10 kom daar die nog meer verpletterende antwoord op jou en my verdienste- *So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.* Dit moet vir ons baie duidelik wees- Ek kan self geen losprys verskaf nie…

Die Fariseërs was ook die mense wat in die tyd van Jesus gedink het dat ek kan self betaal. Hulle hele benadering was soos om jou lewe met goeie werke te moet uit balanseer. Soos 'n skaal wat twee bakkies het- die een bakke dra jou sonde, die ander bakkie moet jy nou jou goeie werke oplaai en jy moet soveel goeie werke doen dat die goeie-werke kant nou swaarder weeg as die sonde-kant, dan is jy op die regte pad! Om dit te probeer bereik het die Fariseërs duisende wette en verordeninge wou instel sodat jy in al hierdie wette genoeg geleentheid ontvang om genoeg goeie werke te doen.

So het hulle geglo, maar so glo baie vandag nog, as ek maar net reg leef en ek doen goeie dinge, dan sal ek salig word. Jesus het die Fariseërs addergeslag genoem. Julle maak miskien die buitekant van die beker mooi blink, maar daarbinne is dit vol roof, bedrog en moord. Die Here werk nie met regmerkies en kruisies nie, al is baie mense met sulke merkies besig om hulle lewe af te merk. Die gebed van die Fariseër en die tollenaar gaan die Fariseër so vêr om God te dank dat hy nie soos die tollenaar of soos ander mense is nie. Hy wat tiendes gee, hy wat gereeld vas… Kom ons die gedagte saam met die

Kategismus sommer geheel en al nekom draai – dit werk eenvoudig nie- jy kan geensins self betaal nie. Jy kan jou saligheid nie verdien nie!

***

Die mense sondaar gee nie bes nie. Nou wat van ander geskape wesens- engele, diere of ander mense- kan hulle nie vir my 'n losprys verskaf nie…kan hulle nie vir my betaal nie? Soos wat ons na Hosea gekyk het, daardie slegte vrou, daar in die dal van Agor, sy het niks gehad nie, kaal gestroop staan sy daar…wanneer ons saam met haar daar staan, want ons is uit onsself niks beter as sy nie, kyk ons na 'n ander klein profeet- Miga- Miga vra in hfst.. 6:6-7: *Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan en my buig voor die hoë God?* (m.a.w. wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan en as ek voor die hoë God gaan kniel?) Dan gaan dit oor jaaroud-kalwers, brandoffers, sal die Here duisende ramme aanvaar, saam met tien duisende offers van olie. Moet ek my eersgebore offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom vir my oortreding?

Niks hiervan kan betaal nie. Nie ek nie, nie engele nie, engele wat in alle geval nie 'n liggaam het nie, en die mens het na sy liggaam gesondig, en diere het nou wel 'n liggaam, maar hulle is sonder siel. Hulle kan ook nie betaal nie. Bowendien het God sy verbond nie met engele of met diere opgerig nie, maar God het dit reeds in Genesis 2 met die mens opgerig, en die mens het dit gebreek. Daarom moet die mens gestraf word.

Weereens God se reg is in lyn met wat sy wil is- God wil nie die sonde van een skepsel aan 'n ander skepsel straf nie! Oor al hierdie diere staan die dood geskrywe. Dit wat die dood uitspel, hoe kan jy dink om daarmee vir die lewe te betaal? Al sou ons ook dink dat kan Moses nie maar vir my betaal nie, hy wat in Eks.32:32 bereid was om sy naam uit die boek van die lewe uit te vee, as Israel maar op die wyse gered kan word. Dawid is egter die een wat Ps.49:8-10 dit nog duideliker besef- veral vers 8- *Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie…*Al sal jy dan ook met jou lewe wil betaal, dan is dit nog steeds nie genoeg dat so een vir altyd kan lewe en die dood nie smaak nie. Die las van die ewige toorn van God teen die sonde is eenvoudig te swaar dat niemand dit kan dra en ander van hierdie las kan verlos nie.

Ons het nie maar met die straf van mense te doen nie, of om gewone straf nie. Dit gaan om die straf van God. Hierdie straf is te groot en te swaar!

***

Waar Sondag 5 afsluit is dit vir ons duidelik- ons soeke na verlossing het eintlik ’n dubbele soektog geword. Ons het nie net ’n middel tot ons verlossing nodig nie, maar ons het ook ’n Middelaar nodig. Een wat die verlossing kan verwerf en kan betaal. Daar is duidelik sekere kwalifikasies waaraan die Middelaar moet kan voldoen? Nog steeds sit ons in die diepte van die see van ellende, die donker tronk het ’n deur, maar ons het nog beslis nie naastenby ’n sleutel om daardie deur oop te kry nie… Al sou ekself oorweeg om daardie deur oop te kry. Kan ek…? Nooit nie…!. Dit is te donker, die deur is te swaar, en buitendien die sleutelgat is nie aan my kant nie. Dit is waar ons nou in Sondag 5 staan.

Wat kan ek doen, is die vraag wat al dieper en skerper insny, die antwoord- die troos in hierdie troosboek is, daar is ’n deur maar jy kan die deur nie oopmaak nie…Elke Sondag het sy troos, maar besef eers die troos kom na ons van God af…dit is God wat na jou toe kom…dit is nie jy wat eerste na God toe kan gaan nie. God stel twee kwalifikasies vir die Middelaar- Hy moet ’n ware en regverdige mens wees, Hy moet ware God wees…Volgende keer in Sondag 6 is ons by dieselfde deur wat vir Hosea genoem is ’n deur van hoop. Watter genade dat daar wel so ’n deur bestaan! Al mag Sondag 5 voel ons staan voor ’n paar toe deure, watter troos om te weet, ons staan wel voor ’n deur. Die paradys het na die sondeval ’n totaal geslote deur gekry. By die in en uitgang van die tuin het die Here wagte gestel. Engele met swaarde wat vlam en flikker. Die mens wat graag die tuin sou wou teruggaan, om van die boom van die lewe te eet, om dan ewige te bly lewe. God het gesorg dat daardie ingang na die tuin bottoe is, maar nou is dar wel ’n ander ingang wat Sondag 6 by gaan kom. Weet dat daardie ingang, daardie deur is die enigste, en Sondag 5 klop aan Sondag 6. Dit is ’n klop aan daardie deur. Ons eie geklop sal niks help nie, daarom moet nie jy die deur probeer oopklop nie, ook nie ek nie. Jy klop aan toe deure, betaal kan jy nie betaal nie, maar nou hoe toe daardie deur ook al mag wees, wat daarvan as jy skielik voor ’n oop deur kan kom staan, wat nie jy of ek of enigiemand hier op aarde kon oopmaak of oopklop nie. Jy sal dalk nog meer verbaas

wees oor Wie is Hy wat eenvoudig die deur oopmaak, Hy wat die deur is. Paulus het reeds vir ons gesê- *hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig, deur die verlossing wat in Christus Jesus is.*

AMEN

Vrae uit Sondag 5

1. Wat verdien ons volgens vraag 12?
2. In watter konteks word die woord *losprys* in die Ou Testament gebruik?
3. Wat is Jesus se vraag in Markus 8:37?
4. Hoeveel keer lees ons van betaal in hierdie Sondag-afdeling? Wat moet ons daaruit aflei?
5. Buiten *betaal,* watter twee ander belangrike woorde word in Sondag 5 gebruik?
6. Hoekom is ’n gedeeltelike voldoening aan die Here se reg nie vir Hom voldoende nie?
7. In Sondag 5 kan ons aflei die deure is nie heeltemal toe nie. Waaruit kan ons dit aflei?
8. In Hosea lees ons van ’n baie slegte vrou. Hoe kan ons hierdie vrou op Sondag 5 van toepassing maak.
9. Is daar enige manier waarop ek, of ’n engel of enige skepsel of dier vir my sonde kan betaal?
10. In watter opsig het ons soeke na ’n Verlosser nou eintlik ’n dubbele soektog geword?
11. Aan watter kwalifikasies moet ons middelaar en verlosser aan voldoen?

Verlossing Van Die Mens Sondag 5 tot 31

Verlossing deur die geloof Sondag 5 tot 8

SONDAG 5